



DE VOETPADKLOOF VAKANSIE OORD

Baie welkom by ons, dit is die wens van die bestuur & personeel dat u almal die tydjie by ons sal geniet. Ten einde almal sy welverdiende rus & vrede te waarborg, let asb noukeurig na die reëls & dra dit aan almal oor.

Aankomstyd is streng vanaf 14h00 en Vertrek tyd is streng 10h00



GEEN musiek word toegelaat nie.

Slegs die Oord bied met tye programme aan en sal musiek maak by die swembad area. Geen musiek elders word toegelaat nie. Stiltetyd is streng vanaf 22h00 tot 07h00. Gun asb elkeen sy welverdiende rus en vrede

GEEN eet- of drinkgoed word in of om die swembad toegelaat nie.

Dit beteken dat die swembad bedoel is waarvoor hy gebou is - geen glase, bekers, bottels ens mag binne 2m van die swembad geplaas word nie. Alle etery wat roomys insluit word streng in die swembaddens verbied, bring dit asb onder die aandag van u kinders, bly asb by die swemtye.



GEEN honde/ katte/ ape word toegelaat nie, geveerde vriende is welkom.

Geen uitsondering word gemaak nie, daar is 'n troeteldier gastehuis in Middelburg.

Fietse/ skopfietse/ skaatsplanke word tot die paaie beperk.

Geen van bogenoemde word om die swembad, die sypaaie na die swembad, stoepe & gange by kantore & winkel toegelaat nie. Ons vra ook dat skopfietse beperk word tussen 08h00 & 18h00.

Die spoedbeperking in die oord is 10km per uur & 30km per uur op die grondpad.

Daar is baie voetgangers, diere ens op die pad. Jaagduiwels sal nie deduld word nie en sal gevra word om die oord onmiddelik te verlaat.

Slegs 1 losstaande tent per karavaan of hoogstens 2 tente in die geval van kampering.

Geen soliede grondseile word toegelaat nie. Moet asb nie tente met soliede vloere op die grasperke opslaan nie. Die blokke is bedoel vir tente en afdakke en is nie staanplekke vir woonwaens en voertuie nie. Help ons asb om die grasperke te beskerm waar moontlik, dit is vir u gerief. Geen slote mag rondom tente gegrawe word nie. Beskadiging van staanplekke is verbode.

Beskadiging aan ons fauna & flora is streng verbode.



Moet asb geen plante op die oord uithaal of beskadig nie. **Geen dier mag gevoer of geterg word nie.** Alle vorme van vuurwerke is streng verbode & is teen die wet, oortreders sal summier aan die owerhede oorhandig word. Alle reëls & regulasies t.o.v Mpumalanga Natuurbewaring is op die oord & reservaat van toepassing.

Hou ons ablusies & opwasareas skoon & netjies.

Laat ons ablusies asb in 'n netjiese toestand soos u dit ontvang het. Moet asb nie in die ablusies rook nie & slaan ag op die reëls soos aangebring. Moet asb nie die borde & tekens uit die ablusies verwyder of afbreek nie, dit kos ons jaarliks baie. Gebruik asb die water spaarsamig.



Hou u eenhede & karavane toe.

Ter wille van sekerheid & die gevaar wat bobbejane inhou, word u versoek om u eenhede & karavane toe te hou as u aan aktiwiteite gaan deelneem. Ons aanvaar geen aanspreeklikheid vir iese of gebreke nie. Rapporteer ook alle foute wat u mag teekom by die kantoor.

Vrywaring.

Enige persoon wat hierdie eiendom betree, insluitend die oord & reservaat, wat enige fasiliteite hoegenaamd gebruik, doen dit totaal & al op sy/haar eie risiko. DeVoetpadkloof Bpk, Sy direkteure, Beampstes of werknemers of enige ander persoon daarmee geassosieerd, sal geen aanspreeklikheid aanvaar vir enige verliese, beserings of dood van enige persoon of beskadiging van eiendom hoe dit ookal gebeur, al was dit deur nalatigheid in enige vorm. U gebruik alle fasiliteite & uitrusting op eie risiko & reg van toegang word voorbehou.

Swak gedrag, oormatige lawaai & dronkenskap is 'n verleentheid & sal nie geduld word nie.

Met elkeen se samewerking sal almal die tye hier saam geniet. Geniet u vakansie!

Dinge om te doen by DeVoetpadkloof

Moet asb nie ledig sit nie & geniet ons fasiliteite, die natuurskoon & rustigheid wat hierdie stukkie paradys u bied. Kom vra gerus by die kantoor & kom ontmoet ons, ons wil graag u vakansie aangenaam maak!

Wildbesigtiging



'n Roete van ongeveer 12.5km wat ±1 uur duur. Op die roete word verskeie aspekte van natuurbewaring uitgewys & ons besoek ook die waterval in die spruit. **Hierdie ritte word om 10h00 en 14h00 aangebied afhange van besprekings.** Besprekings en betalings moet by die kantoor gedoen word. 'n Unieke ervaring wat nie gemis moet word nie, bespreek vroegtydig. Geen ritte met eie voertuie mag in die reservaat onderneem word nie. Vra asseblief by ontvangs waar u well mag ry. Geen eie Quads word toegelaat nie.



Staproetes

Sewe staproetes word aangebied wat wissel van baie maklik tot moeilik. Die kortste roete neem ongeveer 45 minute en die langste roete sowat 5 ure. Al die roetes is duidelik gemerk, maar groei soms toe met tye. Wees waaksaam & versigtig en geniet die natuurskoon, u gaan baie wild sien. U moet asb voor u vertrek u name & die roete op die bord aanbring wat voor die winkel aangebring is. Vee af met terugkeer.

Hengel



Dit is 'n gewilde sportsoort & word deur oud & jonk geniet. Vang & laat vry is deurgaans van toepassing tensy anders by die kantoor aangedui. Spesies soos karp, kurper & swartbaars is volop in die dam en u sal u vernuf op die proef stel. Ons vra dat almal asb die dam skoon & netjies sal laat & geen lyne of hoeke sal laat rondlê nie. Dit hou 'n groot gevaar vir ons watervoëls in.



Fietsry

Daar is 5 roetes beskikbaar deur die reservaat & u moet van u eie fietse gebruik maak. Die roetes wissel van maklik tot moeilik & is van 5 - 12 km lank.

Fasiliteite



Daar is 2 swembaddens beskikbaar waarvan die 1 verhit is (onthou, dit is nie 'n warm-waterbron nie, dit word slegs verhit). Daar is 2 lapa's een met 'n televisie wat gewoonlik deur die dag op sport ingestel is. Geniet ook die 9 putt-putt baan, betalings, stokke & balle is by die winkel beskikbaar. Gaan jaag mekaar op die avontuurbaan by die dam. Daar is ook 'n pooltafel in die lapa. Alle speletjies moet bespreek word by die winkel asseblief. Kom toets jou voertuig se vernif op ons 4x4 baan en onthou om n vrywaarings vorm te kom teken by die kantoor asseblief.



Winkel & Bottelstoor

Ons winkel bied 'n redelike wye verskeidenheid van goedere aan: vuurmaakhout, tydskrifte, brood, lekkers, roomys en koeldrank. Daar is ook die nodige goedjies wat soms vergeet word soos karavaan 'plugs', roosters, skottelgoedseep & elektriese koorde. Ons bied ook 'n klerereeks aan & maak voorsiening vir die hengelaars. Daar is ook speelgoed vir die kinders & waterbaljaar uitrustings beskikbaar. Die winkel mag u dalk verras met die ideale geskenkie vir die spesiale persoon. 'n Goed toegeruste bottelstoor is langs die winkel beskikbaar, tye word op die deur aangedui.

Teetuin



Die Teetuin is oop op tye soos aangedui & bied ontbyt & ligte etes aan. Smullekker hamburgers, hotdogs, die beste pasteie & kraakvars aartappelkrulle word voorgesit. Gaan besigtig die spyskaart & plaas groot bestellings vroegtydig. Spyseniering vir funksies is op navraag beskikbaar.

Enige voorstelle is welkom, ons bied ook vakansieprogramme aan soos aangekondig. Geniet die tyd by ons, hier is die tyd werklik u eie!